

KUBERKAMMA

ONS IS GOD SE FONTEIN VAN LIEFDE



Jesaja 53 vers 5

Oor óns oortredinge is Hy deurboor, oor óns sondes is Hy verbrysel,
die straf wat vir ons vrede moes bring, was op Hom,
deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom.

Kortpad 6de Lydensweek Deurdankoffer vir CMR

- 14 April 08h30 Paassangdiens by eietydse diens.
- 14 April 09h45 Kategese
- 14 April 10h00 Klassieke diens
- 14 April 18h30 vir 19h00 Blouwaterbaai Familiekerk se Paassangdiens
- 15 April 09h00 of 18h30 Groot Lydensweek byeenkomste begin
- 16 - 18 Apr Obed se Paasproduksie 'Plek van die Hoofskedel' in die Impetus teater in Circularrylaan
- 17 April Wêreldsending
- 18 April 18h30 Nagmaal
- 19 April 09h00 Goeie Vrydag erediens
- 21 April 09h00 Paasfees

Nog belangrike datums

Kommunikamma 14 April 2019

Saam op pad vir Christus

Preke: Die preke van die oggenddienste word opgeneem en kan by die kerkkantoor bestel word teen R10 per CD. Preke word vir 3 maande gehou.

Dwaalleraars in Kolossense het geleer dat Christus nie die enigste manier is om by God uit te kom nie. Sy lig is nie voldoende nie. Die gemeente het ook ander maniere, ander liggies, nodig om by God uit te kom. Self vandag kan ons, sonder dat ons daarvan bewus is, Christus plus nog iets of iemand anders aanbid.

Christus is nie soos Eskom nie

Paasproduksie 16 – 18 April: Plek van die Hoofskedel

Obed se paasproduksie speel af teen die agtergrond van Jesus se bediening op aarde en eindig met die opstanding van Christus. Die teks is deur Danie Mathee geskryf en meer as tien talentvolle akteurs, sangers en dansers neem deel. **Kaartjies**

Dankie

Philip en Annatjie sê baie dankie vir die gebede en ondersteuning na Annatjie se ongeluk.

Hulp aan Mosambiek

Die verhare van die **verwoestende sikloon Idai** kan niemand onaangeraak laat nie. Kontak die kerkkantoor vir die noodfonds se bankbesonderhede of noem Mosambiek noodfonds in jou SnapScan-betaling.

Kermis 2019

Wat gaan die kermis laat werk? [Jou gebed en betrokkenheid en bydrae](#). Al die tafels benodig verskeie tipes verpakkingsmateriaal. [Lys van benodigdhede](#) Die koffiewinkel, die kleinkoekies en beskuit-, vetkoek-, en potjiekostafels het nog hulp en items nodig.

Besoek aan Cala

Almal wat die naweek van die 10de tot die 12de Mei vir ds Derik Myburgh en die gemeente [wil gaan kuier](#), kan Giel Meyer by 082 873 9844 kontak.

There4-Bedieninge: Gebedsversoek vir Nigerië

Die regering in Nigerië word dikwels daarvan beskuldig dat hulle stadig of onwillig is om [aanvalle teen Christene](#) aan te spreek. Bid vir moed en vir vrede. **Foto**

Sake vir gebed

Ons bid dat die Here elke gemeentelid se hart opnuut sal aanraak gedurende hierdie Groot Lydensweek. [Lees asseblief biddend](#) die name van die persone wat ons voorbidding dringend nodig het asook die gebed vir die verkiesing die 8ste Mei.

Padlans Breek uit en weet HY is daar

Jerry Bridges skryf: "Jou slegste dae is nooit so sleg dat dit buite die genade van God val nie. Jou beste dae is nooit so goed dat dit nie God se genade benodig nie." Wat dreig om jou vandag te oorweldig? [Breek uit en weet HY is daar](#)

Padkos

Ken die verskil tussen besigwees en hard werk op die regte manier?

As jy mense wil omkrap, dan moet jy vir hulle vertel hoe besig jy is. "Dis nog niks; jy moet my vol program sien." Dis volgepropte dagboeke, vergaderings, byeenkomste en aktiwiteite waar jy kyk. Party mense is so besig dat hulle niks konstruktief gedoen kry nie. Hulle skarrel in duisende rigtings rond om almal tevrede te hou. Aan die einde van elke dag kan hulle sê ek was toe hier, daar en doer. Ek het myself morsdood vergader. Maar wat is die vrug hierop? Besigwees is nie 'n Bybelse opdrag nie. O ja, harde werk is 'n Bybelse voorskrif (2 Tess 3 vers 6-13). Daar's 'n verskil tussen besigwees en harde werk. Besigwees maak jou dagboek vol, maar harde werk is om jou roeping uit te leef deur jou eie omstandig-hede en deur jou werk tot 'n roeping om te skakel. Dis om alles waarmee jy besig is te omskep in aktiwiteite vir die Here. Besigwees egter is om ander mense se roeping namens hulle te probeer uitleef. Of om jou eie lewe oorvol te maak met dit wat op ander se agendas is. Dan gaan jy uitbrand. Doen dit wat jy doen, deeglik. Gordon B Hinckley sê: "Without hard work, nothing grows but weeds." Doen dit vir die Here en nie net om mense tevrede te hou nie (Kol 3:23). Sorg dat ander deel in die vrug van jou arbeid. In Hand 20 vers 35 sê Paulus hy het hard gewerk sodat die swakkes iets kon hê om te eet. Werk tot eer van die Here en tot voordeel van ander. Dan werk jy reg. Harde werk steel nooit jou energie as dit binne die raamwerk van jou roeping gebeur nie. Werk en leef vir die Here, dan sal jy nooit doodbesig of doodmoeg wees nie.

[Verkort Goeie Nuus deur Stephan Joubert www.ekerk.org]

Kuergroete tot volgende keer

[2019-04-14]



Skandeer die **Kraggakamma Gemeente SnapCode** om donasies, maandelikse dankoffers, kollekte en aankope deur middel van **SnapScan** te betaal.
www.getsnapscan.com